3 Oktober 2023

ALLE AFGEVAARDIGDES: ALGEMENE SINODE 15-20 OKTOBER 2023

Baie welkom by dié vergadering waar ons met oop Bybels, onderskeidend en luisterend gaan saamwees. Mag die vergadering die ruimte wees waar God, deur sy teenwoordigheid, vir ons wysheid en uitkoms gaan skenk. Die verwagting waarmee ons na die vergadering gaan, is dieselfde as dié van Moses: om God se teenwoordigheid hoopgewend te beleef. In ons teksgedeelte Eksodus 33:12-23 sien Moses nie kans vir die pad vorentoe nie. Sonder God is die pad vorentoe 'n doodloopstraat, maar saam met Hom is daar die hoop dat die beste nog wag. Dit is met dié verwagting wat elkeen ook na hierdie vergadering kom. Die beste wag nog vir ons!

Mag dit vir almal 'n besondere geleentheid en terselfdertyd 'n getuienis wees deur die manier waarop ons saam vergader.

1. AGENDA
Die **agenda** is elektronies aan jou gestuur en 'n harde kopie sal deur jou sinode aan jou oorhandig word. *Indien jy die vergadering nie meer kan bywoon nie sal jou agenda aan jou sekunduslid verskaf word.*

2. REIS- en VERBLYFREËLINGS
Alle **reis- en verblyfreëlings** is deur jou sinode getref.
2.1 Die **adres** waar die vergadering plaasvind, is die **Birchwood Hotel & OR Tambo Conference Centre,** Viewpointstraat 44, Bartlett, Boksburg. 'n *Pin location* sal via *WhatsApp* aan jou gestuur word.
2.2 Vervoer van die lughawe af:
- Wanneer jy die **Internasionale Terminaal** verlaat, draai links. Die Intercontinental Hotel sal aan jou regterkant wees oorkant die aflaaipunte (drop off zone).
By die eerste voetgangersoorgang sal 'n kennisgewing wees "*PublicTransport*". Stap voort deur die Motorverhuringsportaal.
Wanneer jy die by die gebou uitgaan, sal jy die oplaaiarea binnegaan waar al die hotelle se vervoerbussies/shuttles is. Kyk uit vir die bussie of motor waarop die Birchwood kenteken sal wees.
- Wanneer jy die **Binnelandse Terminaal** verlaat, draai regs en stap in die rigting van die Internasionale Aankomssaal. Die lughawe se parkeerterrein sal aan jou linkerkant wees. Stap aan tot jy by 'n voetgangersoorgang kom met die kennisgewing *"Public Transport*". Stap voort oor die voetgangeroorgang deur die Motorverhuringslokaal. As jy uit die gebou stap, sal jy die oplaaiarea binnegaan waar al die hotelle se vervoerbussies/shuttles is. Kyk uit vir die bussie of motor waarop die Birchwood kenteken sal wees.
2.3 Etes: Alle etes word as buffet bedien**.** Elke afgevaardigde kan dus volgens sy/haar eie gesondheidsbehoeftes keuses maak.
2.4 Medikasie: Elke afgevaardigde word versoek om alle eie medikasie saam te bring aangesien geen medikasie voorsien mag word nie.
2.5 Parkering: Daar is veilige parkering by Birchwood Konferensiesentrum beskikbaar.

13528
HATFIELD, 0028
Pretoria, South Africa
+27 (0)12 342 0092
+27 (0)12 342 0380
http://ngkerk.net/
info@ngkerk.org.za
PBO nr: 930006591

2.5 Besoekers: Alle dagbesoekers moet registreer Restaurante is beskikbaar op die perseel waar besoekers etes en verversings kan nuttig op eie koste.

3. REGISTRASIE - Sondag 15 Oktober 14:00 – 16:00
Tydens registrasie sal jy 'n naamkaartjie ontvang waarop jou tafelnommer verskyn. Registrasie word volgens **Sinodes** gedoen en die steunspan sal jou hiermee help. Registrasie begin om 14:00 en
sluit om 16:00, met die oog op die konstitueringsdokumente wat aan die Algemene Sekretaris oorhandig moet word. Indien jy laat is, kan jy ná die opening, wat om 18:30 begin, by die inligtingstoonbank registreer.

4. WEERSOMSTANDIGHEDE:
Ons vergader in Boksburg wat bekend is vir laatmiddag-donderstorms. Bring asseblief netjiese informele klere vir warm en koel weer saam.

5. WAAR IS MEER NUTTIGE INLIGTING OOR DIE HOE EN DIE WAT VAN DIE SINODE BESKIKBAAR?
Tydens die vergadering sal inligting oor die gang van die sinode op NG Kerk se webtuiste by die volgende adres beskikbaar wees: https//kerkbode.christians.co.za/category/amptelik/algemene-sinode/

'n Kort nuttige video is beskikbaar om die geskiedenis van die van die Algemene Sinode en die rol van afgevaardigdes te verduidelik Kliek hier om dit te kyk.
Dit word vir elke afgevaardigde aanbeveel om haar/sy rol te verstaan.

Ds Nelis van Rensburg, die huidige voorsitter van die Algemene Sinode, skryf baie mooi in die Kerkbode oor die tema van die vergadering. Kliek hier om dit te lees.

Volledige inligting oor die vergadering logistieke inligting is in die verslag van die Ontwerpspan, p 8-21 van die Agenda. Die agenda is hier beskikbaar:
https://drive.google.com/drive/u/0/folders/1E7GD-HgL5QKzJzcjHdnSNLsgiTFj8pQ4

Sinodenuus sal ook op sosiale media gedeel word op by: https://www.facebook.com/ngkerk

'n Beroep word op afgevaardigdes gedoen om hierdie aanlyn moontlikhede met hulle gemeentes, ringe en sinodes te deel. Op die wyse word dit nie net 'n vergadering van die afgevaardigdes nie maar vir die hele NG Kerk.

6. VOORBIDDING
Ek neem vrymoedigheid om te versoek dat jy, jou gemeente en alle gebedsgroepe asseblief voor en tydens die vergadering voorbidding vir die vergadering sal doen. Dankie vir jou samewerking in die verband.

13528
HATFIELD, 0028
Pretoria, South Africa
+27 (0)12 342 0092
+27 (0)12 342 0380
http://ngkerk.net/
info@ngkerk.org.za
PBO nr: 930006591

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

DUTCH REFORMED CHURCH

Indien nodig sal verdere dringende inligting per *WhatsApp* aan jou gestuur word. Skakel ook gerus jou sinode vir enige navrae.

Ons sien uit daarna om jou te ontmoet en tot diens te wees. Jy word ’n voorspoedige reis toegebid.

Vriendelike groete

Gustav Claassen
Algemene Sekretaris van die NG Kerk

13528
HATFIELD, 0028
Pretoria, South Africa

+27 (0)12 342 0092
+27 (0)12 342 0380

http://ngkerk.net/

info@ngkerk.org.za

PBO nr: 930006591